# HOËRSKOOL WATERKLOOF

## SPORT
## ROLBAL

Rolbal word deur die skool in samewerking met die Wingate-rolbalklub aangebied. ‘n Alternatief word aan leerders wat nie noodwendig aan die hoofstroomsportsoorte wil of kan deelneem nie, gebied waar hulle ook geleentheid het om Suid-Afrika op die hoogste vlak, byvoorbeeld by die Olimpiese of Statebondspele, te verteenwoordig. Rolbal is ‘n taktiese spel waar taktiek en tegniek ‘n groot rol speel en wat deur oud en jonk geniet kan word.

### DOELWITTE

Rolbal by Hoërskool Waterkloof het ten doel om leerders die geleentheid te gee om nie net deel te neem nie, maar om sodanig te presteer dat hulle hul provinsiale kleure kan verwerf en die land kan verteenwoordig. ‘n Verdere doelwit is om ander skole uit te daag om rolbal ook as sportsoort by hulle skool aan te bied en sodoende ‘n kompeterende skoleliga te vestig.

Respek, Integriteit, Lojaliteit
R·I·L
#GRENSLOOS

### NAVRAE

Marinda Behr
Organiseerder: Rolbal
marinda.Behr@klofies.co.za

### AFRIGTING

Afrigting word deur die lede van Wingate-rolbalklub aangebied.

### SPESIALE VEREISTES

Rolbalballe (houte) word tans deur die klub voorsien, maar leerders word aangemoedig om balle met die korrekte gewig vir hulself aan te skaf.

### OEFENTYE

Oefeninge vind op Woensdae vanaf 15:00 tot 16:30 by Wingate-rolbalklub plaas.

### DEELNAME

Kompetisies word nie tans op skolevlak aangebied nie, maar spelers kry die geleentheid om aan verskeie klubkompetisies en provinsiale proewe deel te neem.

#grensloos